DEEL 113 | WEEK 31 | 6 AUGUSTUS 2021 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# DIE TREIN VAN HOOP IN KOPPIES

Die Transnet Phelophepa gesondheidsorg is tans in die Vrystaat. Phelophepa bied primêre gesondheidsorgdienste aan die minderbevoorregte en arm gemeenskappe om aan te vul by díe wat deur die Departement van Gesondheid gesorg voor word. Die Phelophepa trein is geskeduleer om vanaf 1-13 Augustus by die Koppiesstasie te staan. Hierdie trein is die wêreld se eerste primêre gesondheidsorg fasiliteit op spore en gebruik die bestaande spoornetwerk om mediese sorg aan die mees afgeleë gemeenskappe te bied.

Die naam"Phelophepa" is gekombineer uit Sotho en Tswana en rofweg vertaal beteken dit "goeie, skoon gesondheid". Tydens die periode, stilstaande by 'n stasie, sal die dienste operasioneel wees van Maandae tot Vrydae (07:30 - 16:00) en sluit vakansiedae in. Dienste wat hierdie jaar op die Phelophepa gelewer word sluit in: Oogkliniek, waar jy jou oë kan toets en net R30 betaal indien jy 'n bril benodig, kinders onder 15 is gratis; Tandheelkunde sluit behandeling in, opvullings, skoonmaak, poliëering en die verwydering van tande. Die koste hiervoor begaan R10 vir een behandeling, of R15 vir twee of meer behandelings, kinders onder 15 jaar is gratis.

Die gesondheidskliniek doen toetse vir geringe kwale en word daar spesifiek gefokus op kanker en diabetes. Hiervoor is daar geen kostes vir pasiënte nie. Die sielkunde kliniek bied ook gratis berading aan die gemeenskap. In samewerking met die Departement van Gesondheid is dienste soos vinnige Covid-19 toetsing en verwysings, MIV en Vigs-toetsing, berading en verwysings, TB-siftingstoetse asook inentings.

Die trein vertrek dan weer na sy volgende bestemming en sal 16-27 Augustus by Tshiame-stasie wees, 30 Augustus – 10 September by Ficksburgstasie, 13-24 September by Welkomstasie, 27 September – 1 Oktober by Kroonstadstasie en daarna vertrek hulle na Thaba Nchu stasie en sal daar staan van 11-21 Oktober 2021.












# DROOM WORD VERWENSLIK



Daar het 'n groot behoefte ontstaan vir sitplek vir die pasiënte wat buite Heilbron Kliniek wag om gehelp te word. Baie van die besoekers aan die kliniek is bejaarde mense wat die sitplekke baie waardeer. Daar is vyf bankies opgerig en nie net bejaardes nie, maar swanger vroue en hulle kinders, asook ander inwoners vind ook baat daarby. Deur genoegsame spasie tussen die sitplekke, kan sosiale afstand ook maklik gehandhaaf word. Heilbron se gemeenskap het bygedra om hierdie droom te verwesenlik en donasies het gehelp om die projek se sukses moontlik te maak. Die personeel van Heilbron Kliniek sowel as die gesondheidskomitee wil die volgende donateurs hartlik bedank: George Roos Snr, Gammie Breytenbach, Elize Fox, Danie Labuschagne, Heilbron Herald, Marilize Loots, Carina Kleynhans, Grant's Dairy, Boulevard, Die Plaaskombuis en Star Slaghuis.

# POST TRAUMATIC STRESS DISORDER (PTSD)

**• HEILBRON CLINIC**

If you are like many South Africans and have been the victim of violent crime, abuse, accidents, loss, or illness, you may be suffering from a very real illness – Post Traumatic Stress Disorder or PTSD.
Many victims of trauma in South Africa don't get help because they feel embarrassed, they think that acting brave and tough is the 'manly' thing to do, they have seen so much violence that they feel 'numb', or they refuse to believe what happened.

**What is trauma?**
Experiences that are sudden or that we don't expect like a car accident or robbery, threaten our lives and our safety. We are also emotionally hurt – and we often feel helpless, scared angry, and guilty

**Causes of trauma?**
Anyone who has gone through a traumatic event, or have witnessed a traumatic event. There are many different events that can cause someone to react badly.
• Seeing a trauma
• Going through or seeing violence often
• Death of a loved one
• Accident - car, work, home
• Robbery
• High-jacking, smash & grab
• Natural disaster
• Work-related stress
• Unemployment
• Domestic violence
• Divorce, break up
• Having a terminal illness like cancer or AIDS
• Assault or abuse

**Common feelings after a traumatic event**
Most people feel certain things after a traumatic event. Normal symptoms and reactions include:
• Nightmares
• Sleeping difficulties
• Changes in appetite
• Anxiety and fear
• Irritable, agitated, or angry
• Very aware and ready to act
• No energy, feeling tired all the time
• Feeling depressed/sad mood, crying a lot of the time
• Avoiding people, places and things that remind you of the event
• Not being able to concentrate on work or normal, everyday actions
• Feeling worried about the safety of the people that you love

For most people, these symptoms get less and go away after a couple of weeks. However, if they continue for 6 weeks or longer, it may be PTSD.

**Symptoms of PTSD**
PTSD usually appears within three months of the trauma but sometimes it may come on months or even years later. There are three groups of PTSD symptoms: intrusive symptoms, avoidance symptoms and symptoms of hyper-arousal.

**Effects of PTSD and related problems**
PTSD is negative for both the sufferer and his or her family
• Substance abuse
• Depression
• Suicide
• Panic disorder

**Treatment**
It is important to be gentle on yourself and give yourself time to get better. Having lived through a trauma stresses both the mind and body. A person who has gone through a trauma cannot expect to behave and act as they normally do straight after the trauma and it is not a good time to make important decisions.

**Counselling**
Trauma counselling is a good way of coping with the experience. You may go for individual appointments where you can talk through the experience and work through the painful feelings such as anger, sadness and guilt. You can find good ways of coping with the symptoms.

**Steps to recovery**
• Remember that the symptoms are part of the trauma, they will pass eventually
• Take control of your life as soon as possible. Avoid going on leave,and don't make any extreme life changes, it is best to face your fears and feelings rather than avoid them.
• Slowly get back to your normal habits. Do what you normally do, if you find this difficult, get the support of family and friends. It is important not to push yourself too hard, take things slowly.
• Understand this is a process, you will get better but it takes time.




# WENNER WORD AANGEKONDIG

Die eerste fondsinsamelingsprojek van Hoop in Oorvloed was 'n groot sukses. 'n Totaal van 47 kaartjies was verkoop wat aan elkeen van die behoeftige gesinne die ontvangs van 'n pakkie kruideniersware verseker.

Baie geluk aan Dr Marge Mouton van Baan Dental Care wat die spanbou steak-ete vir 10 persone, geborg deur De Vry Distillery, wen.

Groot waardering word getoon aan elkeen wat bygedra het om die projek 'n sukses te maak, insluitend: De Vry Distillery (Hoofborg), Rina Hartzer (kaartjieverkope), Hendra Schoeman (verspreiding van pakkies) en Heilbron Herald (druk van die kaartjies).

Daar word nog opwindende projekte beplan waarby die gemeenskap kan betrokke raak om 'n verskil te maak.

Hoop in Oorvloed



*Op die foto: Delareyz Smit (Hoop in Oorvloed), Nyasha Kaserera (De Vry Distillery) & Pasch du Plooy (De Vry Distillery).*

# ENT TEEN COVID VLAAG VIER

Daar word 'n beroep op inwoners gedoen om so gou as moontlik hulle inenting teen die Covid-19 virus te ontvang, aangesien daar sprake is van 'n vierde Covid-19 vlaag wat rondom November en Desember in Suid-Afrika verwag word.

Dit lyk of die getalle 'n bietjie afneem, maar daar word op 'n daaglikse basis steeds mense in Heilbron positief getoets vir die virus. Positiewe getalle word direk ontvang vanaf die Departement van Gesondheid soos wat Heilbron Herald publiseer. Diegene wat egter met die *Rapid* toets by apteke positief toets word nie deurgegee aan die Departement nie, omdat jy dan eers verwys word na 'n gesondheidssentrum vir verdere konsultasie om jou resultate te bevestig.

Hoewel die vierde vlaag nog net voorspel word, sal die een vlaag na die ander kom vir solank as wat mense nie ingeënt word nie. In gesprek met Platteland Apteek is daar 'n verskriklike toename die afgelope paar dae in mense wat positief toets vir die virus. Jolien Engelbrecht beskryf dit as "Heilbron is definiteif vrot van die Covid". Die getalle soos ontvang van die Departement is nogal laag. Die jongste inligting ontvang vanaf Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 5 Augustus 2021 en dui aan dat Ngwathe 4355 bevestigde Covid-19 gevalle het waarvan Heilbron op 1134 staan en is daar 18 positiewe gevalle bygevoeg sedert 29 Julie 2021. Ook ontvang vanaf die Departement is daar nou 15% van die Fezile Dabi distrik se populasie ingeënt.

Daar word gesê dat die inenting nie so lank beskerming bied nie, maar medici het bevestig dat die hospitaliserings wat plaasvind, mense is wat nie ingeënt is nie. Al is dit so dat die inenting net 'n sekere tydperk hou, sal stadions en musiekuit-voerings steeds op die reserwebank bly sit, solank as wat mense nie ingeënt word nie.

Onthou registrasie vir vaksinering teen Covid-19 vir almal 35 jaar en ouer is tans oop. Jy moet vooraf registreer, dan gaan dit vinniger by die vasineringslokaal. As jy nie vooraf kan registreer nie sal jy wel by die inentingspersele gehelp word. In Heilbron kan jy gaan na Tokollo Hospitaal. Almal word gevra om te probeer om vooraf te registreer. Neem jou identiteitsdokument, mediese fonds kaart (as jy aan 'n mediese fonds behoort) en 'n lys van jou medikasie, wat jy tans gebruik, saam wanneer jy gaan.




# OJ'S KENNISGEWING




Daar is vandeesweek 'n kennisgewing opgesit by die geliefde Heilbron eetplek. Na jare se dienslewering het OJ's Restaurant sy deure permanent gesluit op 1 Augustus 2021. Op die kennisgewings wat teen die vensters opgesit is word almal se lojale ondersteuning bedank en daar word gehoop dat iets nuut en opwindend in sy plek opgerig sal word.

Daar is nog nie bevestig waarna Heilbronners kan uitsien nie, maar Heilbron Herald sal op 'n latere stadium met meer inligitng daaroor berig.






# WILLIE WITKLIP OORLEDE

In liefdevolle herinnering aan Willem Johannes Naudé, of Willie Witklip soos wat meeste mense van hom gepraat het, is oorlede op 19 Julie 2021. Die roudiens het plaasgevind op 23 Julie 2021 vanuit die NG Moedergemeente in Heilbron.

Willie Naudé was 'n Heilbron-gebore inwoner en het op 15-jarige ouderdom sy pa verloor. Hy was vir 60 jaar lank 'n boer en het belangstelling getoon in die gebeure op die plaas, totdat hy verlede jaar siek geword het. Hy is vir 79 jaar vir sy familie gespaar en sou sy 80ste verjaarsdag in November vier. Hy laat na sy vrou, Nita Naudé, drie kinders, ses kleinkinders en ander familie en vriende.

# WEEK EEN- EN-DERTIG VAN 2021



## UIT DIE PEN

Met ’n hoërskoolreünie sien ek ’n jongman van wie ek nogal baie gehou het. Hy is maer en loop effens mank.

“Wat’s fout?” vra ek.

Hy, ’n diabeet vanaf 4-jarige ouderdom, sê hy kort ’n lewer, ten minste een nier en ’n pankreas. En baie gou ook. Die probleem is dat iemand dit nie vir hom kan skenk nie, dit moet van ’n dooie persoon af kom. Dit klink vir my na ’n makabere kadawer, maar dit maak sin. Alhoewel niemand van ons wil hê dat iemand moet doodgaan sodat iemand anders moet lewe nie.

Ek hoor met ’n ompad dat hy een dag gebel is, en laat weet is dat daar ’n pankreas en ’n lewer vir hom beskikbaar is. Presies sy weefseltipe. Daar kort nog ’n nier, maar hy sal kan oorleef met dialise totdat daar ’n nier is. Die keuse was syne of hy die oorplanting gaan laat doen al dan nie.

Hy gaan toe vir die oorplanting en kry ’n hartaanval in die operasieteater. Slegte einde van die storie, maar daar is ’n rede hoekom ek met die hartseer storie begin.

Later leer ek vir Retha ken. Retha was ’n pragtige meisie, lief vir die buitelewe en het orals rondgedraf, energiek aan alles deelgeneem en gesing soos ’n nagtegaal.

Een oggend word Retha wakker en sy kan nie sien nie. Sy gaan dokter toe en met die eerste bloedtoets word daar nierversaking gediagnoseer. By die uroloog hoor sy dat haar een nier glad nie eers ontwikkel het nie, en die ander nier nou op ’n 18% kapasiteit funksioneer. Nieroorplanting is die enigste uitweg.

Retha se ma ondergaan al die toetse, en sy word as ’n geskikte skenker geïdentifiseer. Die oorplanting sal so spoedig moontlik moet geskied.

Sy en haar ma word saam in elkeen se teater ingestoot en die operasie word na ’n paar uur suksesvol afgehandel. Retha herstel sodanig dat sy selfs aan die internasionale oorplantingspele gaan deelneem het. Sy is die trotse mamma van twee woelwaters.

Darem ’n beter einde as die eerste storie, nê?

Elsu is iemand wie ek al langer as twee dekades ken. Pragtige vrou met vyf pragtige kinders. Almal seuns.

Elsu was swanger met die laaste twee seuns (ja, ’n tweeling) toe haar man dood is in ’n motorongeluk. Elsu het reeds drie klein seuntjies gehad en die tweeling is twee maande na hulle pappa se dood gebore.

Een van Elsu se seuns is as kleuter dood in ’n fratsongeluk, en Elsu is rou, maar sy weet steeds hoe om onder mense te bemoedig, ten spyte van haar eie seer.

Jare ná Elsu se jong seun se dood, ry haar middelste twee seuns eendag na hulle oupa toe. Op pad soontoe ry ’n vragmotor in hulle vas en altwee land in die intensiewe sorgeenheid ver van haar huis af. Sy vlieg na die hospitaal toe en sit langs die twee se beddens terwyl sy bid vir hulle beterskap.

Teen die derde dag hoor sy dat een van die seuns geen breinaktiwiteit toon nie. Sy neem die onafwendbare besluit om die masjiene af te skakel. Die ander seun herstel langsamerhand.

Elsu neem haar seun se as en gaan strooi dit op Kilimanjaro. En daarmee saam vier sy die lewe van haar seun wat korneas, niere, lewer en beenweefsel vir vyf ander mense kon skenk.

Die rede vir hierdie drie ware vertellings is omdat elkeen iets in gemeen het: orgaanoorplantings. My hoërskoolvriend is dood, maar nie omdat hy nie die organe kon kry nie, uiteindelik het al die fisiese en psigiese spanning sy hart laat ingee, maar sy lewe sou moontlik verleng gewees het.

Retha kon ’n mamma word, te dankie aan die nier van háár ma af. En dan is daar die vyf mense wie elkeen ’n deel van Elsu se seun ontvang het.

Kan jy jou ’n wêreld indink waar ons nie die heel laaste skenking aan ’n ander persoon kan maak nie? ’n Skenking wat jou letterlik niks gaan kos nie, want jy sal nie eers daarvan weet nie.

Vroeër hierdie week hoor ek op ’n Afrikaanse radiostasie dat mense aangemoedig word om as orgaanskenkers te registreer. Die omroeper praat met ’n ma wie se seun ’n lank gelede ’n beenweefseloorplanting gehad het. Presies 10 jaar daarna is haar seun dood in ’n vliegongeluk, maar die oorplanting het 10 jaar by sy lewe gevoeg. Die ma het haarself ook geregistreer as ’n orgaanskenker. Maar, en hier is die pragtige deel van die ma se hartseer verhaal, haar seun het ook al sy organe met sy dood geskenk.

Sommige mense wil nie orgaanskenking oorweeg nie, want “sê nou ek is nie heeltemal dood nie.” Volgens die radiopraatjie moet ’n persoon ’n magdom toetse ondergaan en dan deur ten minste twee onafhanklike dokters as “dood” gesertifiseer word. Die kans dat ’n lewendige persoon se organe geoes gaan word vir skenking, is feitlik nul.

Iemand anders se verskoning was dat die familie onnodig swaarkry as daar nog in die dooie persoon se lyf rondgekrap word. En hoe gaan hierdie persoon dan in sy of haar kis lyk wanneer die familie die persoon vir die laaste keer besigtig? (Kom ons dink gou mooi: sien jy ooit iemand in ’n kis met oop oë? Of sien jy iemand se oopgekloofde borskas wanneer jy die laaste keer na hom of haar in ’n kis kyk? Moenie gril nie, want dit is realiteit.)

Ek het een keer probeer om as ’n orgaanskenker te registreer, maar nooit my registrasie gefinaliseer nie. Maar ek gaan dit nou dadelik doen, want ek wil eendag vir iemand ’n kans op lewe gun die dag as ek my eie asem uitblaas. Wat gaan ek in elk geval met al hierdie organe maak wanneer ek die dag dood is?

Want waar ek heengaan, het ek nie meer ’n aardse pakkie nodig nie. En wanneer ek gaan opstaan, gaan dit in elk geval met ’n verheerlikte liggaam wees, volmaak, sonder gebrek.

Julle moet ’n lekker dag hê, ek gaan gou registreer by www.odf.org.za. Dis maklik.

# PANEEL 16



*Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy*


# DIRKIE UYS

**Quarta Pretorius**

Die heldedood van Dirkie Uys het plaasgevind tydens die geveg by Italeni in April 1838 toe ’n Voortrekkerkommando onder die gesamentlike leiding van Andries Hendrik Potgieter, Gerrit Maritz en en Piet Uys die onderspit teen ‘n Zoeloemag gedelf het. Dit was ‘n geveg in die oopte en die Voortrekkers het nie ‘n laer gehad om in te skuil nie. Piet Uys en sy twaalfjarige seun Dirkie was onder die groep Trekkers wat in ‘n kloof in ‘n hinderlaag gelok is. Albei het gesneuwel.

Daar bestaan botsende menings oor presies wat daardie dag gebeur het. Die beeldhouer moes tussen die verskillende weergawes kies en het besluit om die jong seun in ‘n heldhaftige posisie uit te beeld. Die Zoeloekrygers het Piet Uys swaar gewond. Dirkie was ongedeerd, maar toe hy sien wat gebeur, het hy omgedraai en sy vader te hulp gesnel en die Zoeloekrygers probeer verdryf deur op hulle te skiet. Dit was tevergeefs. Hy is deur die Zoeloes met ‘n assegaai doodgesteek.

**Die beeldhoudster Laurika Postma het haar kollega Peter Kirchoff se seun Werner as model gebruik.**



# WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| 07/08 | 3/23 | Sonnig |
| 08/08 | 8/27 | Sonnig |
| 09/08 | 4/24 | Sonnig |
| 10/08 | 6/20 | Sonnig |
| 11/08 | 8/23 | Sonnig |
| 12/08 | 7/22 | Sonnig |
| 13/08 | 6/22 | 41% kans vir ligte buie |
| 14/08 | 5/20 | 58% kans vir oggend buie |
| 15/08 | 5/18 | Sonnig |
| 16/08 | 4/17 | Sonnig |
| 17/08 | 4/18 | Sonnig |
| 18/08 | 4/18 | Sonnig |
| 19/08 | 5/19 | Sonnig |
| 20/08 | 5/19 | Sonnig |
| 21/08 | 5/20 | Sonnig |
| 22/08 | 5/22 | Sonnig |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | | 1 | 2 | 9 | | | 7 | 5 |
| 2 | | | 3 | | | 8 | | |
| | 7 | | | 8 | | | | 6 |
| | | | 1 | | 3 | | 6 | 2 |
| 1 | | 5 | | | | 4 | | 3 |
| 7 | 3 | | 6 | | 8 | | | |
| 6 | | | | 2 | | | 3 | |
| | | 7 | | | 1 | | | 4 |
| 8 | 9 | | | 6 | 5 | 1 | | 7 |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

# KENNISGEWINGS

## NOTICE

In the Estate of the late **JOPIE FOURIE BEYERS DE BRUIN, Identity Number 760618 5150 080, married Out of Community of Property,** with the Accrual System, born on the 18th June 1976 and who died on the 28th May 2021, of the Farm Bellary, district Heilbron, 9650.
**Estate Number: 5452/2021**
All persons having claims against the above Estate are hereby called upon to lodge their claims with the unmentioned within a period of 30 (Thirty) days from the 6th August 2021.
Dated at Parys on the 26th day of July 2021.
**COETSEES ING**
**ATTORNEYS FOR EXECUTOR**
**25 BUITEN STREET**
**P.O. BOX 5**
**PARYS, 9585**
**(REF. DR CETZEE/KVH/MAT 7020)**

## AUCTION

Refer: NN2121/SVDW
CASE NO. 138/2020

## NOTICE OF SALE IN EXECUTION

In the High Court of South Africa
Free State Division, Bloemfontein
In the matter between:
**THE STANDARD BANK OF SOUTH AFRICA LIMITED**
*Plaintiff*
and
**DANIEL BENJAMIN NIENABER**
**(ID NUMBER: 710706 5252 088)**
*First Defendant*
**ELMARIE NIENABER**
**(ID NUMBER: 750310 0190 087)**
*Second Defendant*
In pursuance of a judgment of the above Honourable Court dated 30 September 2020 and a Writ for Execution, the following property will be sold in execution on MONDAY the 16 August 2021 at 13:00 at before the Sheriff of Heilbron held at MAGISTRATE'S COURT, ELS STREET, HEILBRON.
**CERTAIN:** 881 Oranjeville Extension 1, District Heilbron, Free State Province.
**In Extent:** 2650 (Two Thousand Six Hundred and Fifty) Square Metres
**Held by:** Deed of Transfer No T31362/2006
**Subject to:** The conditions therein contained
**Also known as:** 76 Strydom Street, Oranjeville
**Consisting of:** A residential unit zoned for residential purposes consisting of a 1 x lounge, 1 x dining room 1 x kitchen, 4 x bedrooms, 2 x bathrooms, 4 x garages. (Not guaranteed)
The Purchaser shall pay VAT and a deposit of 10% of the purchase price in cash on the day of the sale, the balance against transfer, to be secured by a bank or building society guarantee, to be approved by the Plaintiff's attorney, to be furnished to the said Sheriff within fourteen (14) days after the date of the Sale.
The conditions of sale will lie open for inspection during business hours at the Offices of the Sheriff for the High Court, Heilbron.
**Take further notice that:**
This is a sale in execution pursuant to a judgment obtained in the above Court. The Rules of this auction is available 24 hours foregoing the sale at the office of the Sheriff, for the High Court, Heilbron, Old Mutualgebou, 41 Breë Street, Heilbron.
Registration as a buyer, subject to certain conditions, is required i.e:
1. Directions of the Consumer Protection Act 68 of 2008 (obtainable at URLhttp://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961).
2. Fica-legislation in respect of identity & address particulars.
3. Payment of registration monies.
4. Registration conditions.
The office of the Sheriff of the High Court, Heilbron (Johan van Rooyen) will conduct the sale.
Advertising costs at current publication tariffs and sale costs according to court rules will apply.
Dated at Bloemfontein on this the 22nd day of June 2021.
**ATTORNEY FOR PLAINTIFF**
**ANDRE VENTER**
**MCINTYRE VAN DER POST**
**C/O MCINTYRE VAN DER POST**
**12 BARNES STREET**
**WESTDENE, BLOEMFONTEIN, 9301**
**REF: NN2121/SHARI VAN DER WALT**

**SHERIFF OF THE HIGH COURT**
**P.O. BOX 993**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 853 0490 / 083 702 1238**


**POSTNET HEILBRON**
**Besigheidsure**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00

***Elsstraat 42 • HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***


## NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the **LATE DAWID STEPHANUS BRITS, IDENTITY NUMBER: 460621 5017 088,** who was widowed, residing at 21 Pierce Street, District Heilbron, 9650, Province Free State,
**ESTATE NUMBER: 5002/2020.**
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET,**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

## NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the **LATE TENNELINA WILHELMINA SADLER, IDENTITY NUMBER: 530630 0147 085,** married in community of property with IZAK SADLER,, residing at Plot 111 Weltervereden, District Koppies, 9540, Province Free State,
**ESTATE NUMBER: 3574/2021.**
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET,**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

# TE KOOP

Veselglas kappie met glas skuif ruite vir Nissan NP200 @ R3 500-00.
**Kontak 082 851 8091**
**Heilbron**
**K0750**

**AANDAG!!!**
Vir alle bouwerk, houtwerk en loodgieterswerk.
**Kontak**
**Armand Smit by**
**072 686 5144**
**Heilbron**
**K0750**

## JAARBEPLANNER

**AUGUSTUS 2021**
13 & 20 Aug. - NG Kerk Suid (Basaarverkoping)
28 Aug. - NG Kerk Suid (Basaar & Saamkuier geleentheid)
**SEPTEMBER 2021**
3 Sept. - NG Moedergemeente Visete (Wegneem)
23 Sept. - AP Kerk (Verkopings)
**OKTOBER 2021**
1 Okt. - NG Kerk Suid (Verkopings)
29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)
**NOVEMBER 2021**
26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)






# DIENSTE


**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK


**BAAL VAN SOJA-/MIELIERESTE**
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
**R**

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
**R**

# TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***

**BLOEDSKENK DATUMS**


**28 September**
**23 November**

**SPAN VAN DRAAD**
Vir die span van draad, baie netjies.
**Kontak my gerus**
**Solly**
**071 574 8275**
**K0750**

**2022** *Dagboeke*
**Bestellings vir 2022 dagboeke kan nou geplaas word.**
**44 Els Street • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

*Winkelure*
**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:**
07:30 - 16:30
**SATERDAE:**
08:30 - 13:00
Elsstraat 44 Heilbron
Tel: 058 852 3033

# SMALLS

# EIENDOMME


**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159



**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Individual & Family
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn
MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY
072 180 4113
marilize@mcreative studio.co.za

# HOFAANSOEK VIR RIOOLSTORTING SUKSESVOL

AfriForum het die Frankfort gemeenskap op 29 Julie 2021 in 'n dringende hofaansoek teen die Mafube Plaaslike Munisipaliteit bygestaan. Die aansoek was suksesvol en die Vrystaatse Hooggeregshof in Bloemfontein het 'n interdik teen die munisipaliteit toegestaan, asook ingrypende regshulp ten gunste van die gemeenskap. Hierdie regsstappe het betrekking tot die onwettige storting van riool in die Wilgerivier.

Die hof beveel dat enige rioolstorting wat spesifiek die Wilgerivier beïnvloed, verhoed moet word, vertel Chris Morgan, AfriForum se distrikskoordineerder vir die Hoogland. Die munisipaliteit moet ook watermonsters by die rioolwerke neem en die resultate aan die gemeenskap beskikbaar stel. Die bevel bepaal verder dat die munisipaliteit die nodige onderhoud en herstelwerk op die rioolstelsels moet verrig, gereeld inspeksie van die werke moet doen en enige operasionele krisisse by die werke spoedig moet hanteer sonder onnodige vertraging. Ten einde verdere onderbrekings in die kragtoevoer tot die werke te vermy is daar gelas dat die munisipaliteit sy Eskom-rekeninge betyds moet betaal. Die munisipaliteit word ook verplig om elke twee weke vir die volgende ses maande aan die applikant se prokureurs verslag te lewer oor die vordering en indien hulle sou versuim om hul pligte ingevolge die hofbevel na te kom sal die applikant die reg hê om die hof weer te nader vir verdere verligting.

Die munisipaliteit het erken dat hulle bewus is van hulle grondwetlike verpligting om rioolstorting te vermy en die stelsel te onderhou. Tog was die gemeenskap genoodsaak om die hof te nader as gevolg van riool wat weke lank in die Wilgerivier ingeloop het. Die feit dat die munisipaliteit nou gereeld aan die gemeenskap moet rapporteer oor die vordering ingevolge die hofbevel, bevestig die belangrike oorsigrol van gemeenskappe wanneer dit kom by munisipale dienslewering. Chris voeg by dat die dringende hofbevel wat bekom is 'n groot deurbraak vir die gemeenskap van Frankfort is. Onwettige rioolstorting hou nie net 'n groot gesondheidsrisiko vir die gemeenskap in nie, maar die skade wat dit aan die omgewing en belangrike ekostelsels aanrig is ook onaanvaarbaar.



*Op die foto vlnr: Johan Kruger, Jaco Grobbelaar, Morne Mostert, Lambert De Klerk, Marjorie van Schalkwyk, Adv. Paul Eilers, Adv. Frik Erasmus, SC Deidre Steffens, Corne Cornje en Chris Morgan.*




# IN LIEFDEVOLLE HERINNERING AAN JOHAN GREYLING

Verlede Vrydag het Johan Greyling (68) ná 'n kort siekbed die stryd teen die Covid-virus verloor.

As 'n werknemer van Telkom het Johan vroeër jare die Petrus Steyn/ Heilbron-omgewings soos die palm van sy hand geken. Sy vrou, Maria, was 'n bekende gesig in die bankwese en beide hul seuns, Willie en Johan jr., het aan die Hoërskool Heilbron gematrikuleer.

Johan het destyds op vroeë pensioen gegaan om Maria tydens haar siekbed by te staan en te versorg. Sy het in 2013 die stryd teen kanker verloor.

Johan was bedrywig in die gemeenskap en geliefd waar hy gekom het. Die laaste paar jaar het hy onder meer op die NG-Heilbron Suidgemeente se kerkraad en verskeie kommissies gedien, hy was op die direksie van Huis-Bron-van-Heil en 'n aktiewe rolbalklublid.

Sy troosdiens vind môreoggend om 11:00 vanuit die Suid-gemeente plaas. Weens Covid-maatreëls kan net 'n beperkte aantal familie en vriende in die kerk geakkommodeer word, maar die familie het vriende en belangstellendes aangemoedig om sy diens regstreeks op die Facebook-groep "Ter nagedagtenis aan Johan



Greyling" te volg. Alternatiewelik kan die diens ook vanuit u motor in die kerk se parkeerterrein gevolg word. Skakel u radio op 88fm in.

Johan laat sy twee seuns, skoondogters, drie kleinkinders, sussies, ander familie en vriende agter.

Die familie het die gemeenskap opreg bedank vir al die liefde en omgee waarmee hul veral die laaste week toegevou is. "Dis 'n voorreg om deel van Riemland te wees. Dankie dat jul ons staande hou."

**POSTNET HEILBRON**
Besigheidsure
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
*Elsstraat 42 • HEILBRON | Tel: 058 853 0006*

HERALD Sport

# LAE TELLINGS TYDENS MOOI WEER



Die weer het maar 'n invloed op sport se uitslae. Saterdag het Arnold Saaiman uitstekende gholf gespeel om die HBA maandbeker te wen met ñ netto telling van 67. Leonard Strydom was tweede met 68 netto. Hy en Niklaas van der Walt wen Gerrie Muller en Eben Stander min die dubbel 4 en 2. Wiam Rautenbach speel een van sy beter rondtes met gekontroleerde gholf, hy eindig derde met 69 netto. Wiam en Jackie wen ook hulle dubbel putjiespel teen RJ Muller en Vian Leeb. Johan Nelson en Willie Pretorius eindig gelyk met Zagarhia Mholo en Simon Malgas in hulle putjiespel wedstryd.

Die Ryder Cup kragmeting teen Frankfort gaan op 24 en 25 September plaasvind en is dit een van die hoogtepunte op vanjaar se kalender.

Môre is daar gewone spel 10:30 vir afslaan 11:00. Daar sal ook weer geldpot trekking wees vanaand om 19:00 aangesien die "JOKER" nie verlede week getrek is nie.




*Op die foto Arnold Saayman, Leonard Strydom, Wiam Rautenbach.*

## JAARPROGRAM : 2021
## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 14 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 4 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 2 OKTOBER | OPE PRYS SKIET | 09:00 |
| 2 OKTOBER | TROFEE MEET | 09:00 |
| 16 OKTOBER | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 6 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 21 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2022 MOET NOU BETAAL WORD | |

# HEILBRON Duiwenuus

Die wedvlugte begin nou langer word en dit bring mee dat ander duiwe in jou hok begin voorkom. Die wedvlugte vanaf Colesberg, 472 km was in mooi weer.


Crause en Seun het die jaaroud wenduif geklok na 6 ure op die vlerk. Die ope wedvlug is gewen deur 'n duif van Zenith B span.





**COLESBERG JO**
1. Crause & Seun
2. OJ's Hokke
3. Stemmett Hokke
4. F Viviers
5. OJ's Hokke
6. Kobus & Wilné
7. F Viviers
8. F Viviers
9. F Viviers
10. Zenith A

**COLESBERG OPE**
1. Zenith B
2. F Viviers
3. Kobus & Wilné
4. Kobus & Wilné
5. F Viviers
6. F Viviers
7. Crause & Seun
8. Zenith B
9. Kobus & Wilné
10. Stemmett Hokke



BKB Louwid
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 10 AUGUSTUS 2021
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668
DEVON: OPEN RANGE BEEFMASTERS
70 Beeste
11:00, Leeuwkop, Devon
Kontak Erik Heymans 083 264 5177
BOTHAVILLE: MAJOBE MERINO'S
50 Ramme & 200 ooie
11:00, Vlaklaagte, Bothaville
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

WOENSDAG - 11 AUGUSTUS 2021
REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
WINBURG: ROTSWAND & MARATANA SIMBRAS | ZARISSA SIMBRAS
180 Beeste
11:00, Winburg BV veilingskrale
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
MEMEL: MARITZ BOVELDER & BOSHOEK BOVELDERS
80 Bulle
11:00, Boshoek, Memel
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

DONDERDAG - 12 AUGUSTUS 2021
FRANKFORT KINDERFONDS VEILING
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369
KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ROSENDAL Kwartaallikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

VRYDAG - 13 AUGUSTUS 2021
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
THEUNISSEN: KANDYS BEEFMASTERS
35 Bulle & 95 vroulike diere
11:00, Brakfontein, Theunissen
ontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 744

BKB LOUWID
www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
el: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 231
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za



Looking for people selling Guinea Fowls
Dr. Moshane
082 339 1776
082 960 9005



the local choice Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
Available at this clinic:
- Bonitas
- Discovery Vitality
- Fedhealth
- GEMS (DSP)
- Health Squared
- Medshield
- Medihelp
- Multiply
- Polmed (DSP)
- and many more
Ask your Pharmacist for more info.
Get your Health Risk Assessment done now!
063 721 4950 T 087 527 0723
E plattelandl@thelocalchoice.co.za
57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron

POSTNET HEILBRON
NEW!
SAME DAY
COLLECTION AND DELIVERY
BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE!
FOR ONLY R75
SASOLBURG
VEREENIGING
VANDERBIJLPARK
CONTACT US TO ARRANGE YOUR COLLECTION OR DELIVERY!
42 Els Street, Heilbron heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078